SSK

SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

01 Oktober 2018

Alle SSK Graanprodusente

SAADBESTELLING VIR KOMMERSIëLE GRAANSAAD & CANOLA

Aangeheg SSK saadbestelvorms en inligting.

SSK wil die bes moontlike diens en produk aan sy lede lewer. In die proses streef SSK ook daarna om sy saadaankope en voorraad optimaal te bestuur. Samewerking van produsente in hierdie verband is uiters belangrik. U word dus vriendelik versoek om kennis te neem van onderstaande reëlings ten einde hierdie proses tot voordeel van SSK en sy lede te kan bestuur.

1. Indien graan vir saaddoeleindes verlang word moet die aangehegte vorms voltooi en ingehandig word voor of op **1 Desember 2018.**
2. Saad wat na 1 Desember 2018 bestel word en wat dus spesiaal vir die produsente wat laat bestel het by ander instansies aangekoop word, sal noodgedwonge teen die duurder prys van die aangekoopte saad gefaktureer word.
3. Slegs skriftelike kansellasies van saad sal aanvaar word. Enige produsent wat meer as 10 % van sy aanvanklike bestelling kanselleer of terugbring en die saad kan nie weer aan iemand anders verkoop word nie, sal vir die drakoste daarvoor gefaktureer word.
4. Saad wat bestel is voor 1 Desember 2018, sal tot 10 Mei 2019 in voorraad gehou word. Dit sal nie sonder die toestemming van die eienaar aan 'n ander produsent wat na die sluitingsdatum bestel het, verkoop word nie. Alle bestellings verval egter na 10 Mei 2019. Daarna sal saad in voorraad op 'n "first come, first serve" verkoop word of saad sal volgens bestelling vir produsente skoongemaak of aangekoop word. Die datum van 10 Mei kan na gelang van die seisoen aangepas word om produsente ooreenkomstig die verloop van die seisoen te akkomodeer.
5. Geen grootmaatverpakkings word teruggeneem vir herverkoop nie. Neem dus die laaste hoeveelhede van 'n soort in die vorm van klein sakkies (50 kg), ten einde die oortollige saad te kan terugbring. Slegs oorspronklike verseëlde sakkies (50 kg en 25 kg) sal terug ontvang word.
6. Saad wat net in 50 kg sakkies beskikbaar is, sal in massasakke oorgeskud word as die tyd dit toelaat. Produsente moet dit asseblief net vooraf met die betrokke silobedryfsbestuurder reël.
7. Fakturering van saad sal geskied op die dag wanneer saad afgehaal word.

8. Koring word chemies behandel met Orius (Tebukonasool). Gars word behandel met Redigo (Prothiokonasool) en hawer word met Shavit (Triadimenol) behandel. Koringsaad sal volgens bestelling met Galmano Plus (Fluquinkonasool) of Ronsek (Imidaklopried) behandel word indien produsent dit sou verkies. Garssaad sal ook met Ronsek (Imidaklopried) behandel word indien produsent dit sou verkies. Saad wat met Ronsek en Galmano Plus behandel word, kan nie gekansseleer word nie en geen krediet word vir die Ronsek en Galmano Plus behandelde saad wat teruggebring word, gegee nie.
9. SST 056 , SST 087, SST 0127, SST 0147, SST 0117 en SST 0166 sal volgens Sensako se lisensiërings ooreenkoms verkoop word. Dit behels kortliks dat elke produsent wat SST 056 , SST 087, SST 0127, SST 0147, SST 0117 en SST 0166 wil aankoop by Sentraal Suid Koöperasie `n kontrak sal moet onderteken met sekere voorwaardes daaraan verbonde. SST 056, SST 087, SST 0117, SST 0127 en SST 0147 wat vanjaar teruggehou word(plaassaad) wat deur SSK skoongemaak word, sal ook onder 'n nuwe lisensiërings ooreenkoms skoongemaak word. 'n Kontrak vir die teruggehoude saad sal ook onderteken moet word. Die bestaande kultivars nl. SST 015, SST 027 en SST 88 is nie onderhewig aan bogenoemde ooreenkoms nie.
10. Alle saad wat met ander produkte as bogenoemde behandel word, word op die produsent se eie risiko gedoen.
11. Die kultivars wat beskikbaar is verskyn op die saadbestellingsvorm.
12. Saad wat nie deur SSK self vermeerder word nie en wat spesifiek vir 'n produsent se behoeftes aangekoop/bestel word, moet alles geneem word. Geen kansellasie daarvan sal aanvaar word nie.
13. Ontkiemingstoetse sal daagliks tydens die skoonmaakproses gedoen word om te verseker dat 'n hoë standaard gehandhaaf word.
14. Geen telefoniese saadbestellings sal aanvaar word nie. Slegs die voorgeskrewe SSK saadbestelvorm wat deur die produsent self geteken is, sal aanvaar word. Dit geld ook vir kansellasie of die verandering van bestellings.
15. Massasakke kan vanaf 15 Junie tot einde Julie ingehandig word. Massasakke wat beskadig of baie vuil is, sal nie gekrediteer word nie.
16. **Handig asb. die aangehegte saadvorm voor of op 1 Desember 2018 by u naaste depot in, faks dit na 028 – 5148903 of epos aan gerdus.steyn@ssk.co.za.**

Navrae in verband met saad kan gerig word aan:

Gerdus Steyn
Tel (028) 514 8687
Sel (082) 521 4515
E-mail gerdus.steyn@ssk.co.za

U samewerking word waardeer.

CH DE BEER
HOOFBESTUURDER: BEDRYWE